# *Gawes in die Bybel*




**Aanwysings:**

1. Skryf die gawe neer in die spasie hieronder soos wat elke Skrifgedeelte gelees word en elke gawe geïdentifiseer word.
2. Sommige van die gawes kom meer as een keer voor. Jy hoef dit egter net een keer neer te skryf.
3. Om vertalingsproblematiek aan te spreek word sommige gawes se Engels (N.I.V.) en Ou Afrikaans (1933) vertaling in hakies geplaas. Raadpleeg gerus die oorspronklike Grieks vir bevestiging indien moontlik.

| **Skrifgedeelte**<br>*(ander vertalings in hakies)* | **Gawes** |
|---|---|
| **1 Kor 12:8-10**<br>Aan die een word deur die Gees die gawe gegee om ’n woord van wysheid *(wisdom – NIV woord van wysheid - ’33)* te praat, aan ’n ander ’n woord van kennis *(knowledge – NIV woord van kennis – ‘33)* deur dieselfde Gees; aan die een geloof *(faith – NIV geloof – ’33)* deur dieselfde Gees, aan ’n ander gawes van genesing *(healing – NIV gesondmaking – ’33)* deur die één Gees. Aan die een gee Hy die krag om wonders *(miracles – NIV werkinge van kragte – ’33)* te doen, aan ’n ander die gawe om God se boodskap te verkondig, *(prophecy – NIV profesie – ’33)* en aan nog ’n ander die gawe om tussen geeste te onderskei *(discernment – NIV onderskeiding – ’33)*. Aan nog een gee Hy die gawe om ongewone tale of klanke *(tongues – NIV allerhande tale – ’33)* te gebruik en aan ’n ander om dit uit te lê. *(interpretation – NIV uitleg van tale – ’33)* | 1.____________________________<br>2. ____________________________<br>3. ____________________________<br>4. ____________________________<br>5. ____________________________<br>6. ____________________________<br>7. ____________________________<br>8. ____________________________<br>9. ____________________________ |

| | |
|---|---|
| **1 Kor 12:28**<br>En in die kerk is daar mense aan wie God 'n bepaalde taak gegee het. Ten eerste is daar apostels, *(apostles – NIV apostels – '33)* ten tweede profete *(prophets – NIV profete – '33)*, ten derde leraars *(teachers – NIV leraars – '33)*; verder is daar dié wat wonderdade *(miracles – NIV kragte – '33)* kan doen, dan dié wat gawes ontvang het om mense gesond te maak *(healings – NIV gesondmaking – '33)*, om hulp te verleen *(able to help – NIV helpers – '33)*, om leiding te gee *(administrations – NIV regeringe – '33)* of om ongewone tale of klanke *(tongues – NIV allerhande tale – '33)* te gebruik. | 10. ______________________<br><br>11. ______________________<br><br>12. ______________________<br><br>13. ______________________ |
| **Rom 12:6-8**<br>Ons het gawes wat van mekaar verskil volgens die genade wat God aan elkeen van ons gegee het. As dit die gawe is om God se boodskap te verkondig *(prophesying – NIV profesie – '33)*, laat ons dit gebruik in ooreenstemming met die geloof wat ons bely. As dit is om te dien *(serving – NIV bediening – '33)*, laat ons dien. As dit is om onderrig *(teaching – NIV lering – '33)* te gee, laat ons onderrig gee. As dit is om mense te bemoedig *(engouraging – NIV vermaan – '33)*, laat ons hulle bemoedig. As ons gee *(give generously – NIV uitdeel – '33)*, laat dit sonder bybedoelings wees. As ons leiding gee *(leadership – NIV voorganger – '33)*, dan met toewyding. As ons ander help *(show mercy – NIV barmhartigheid – '33)*, dan met blymoedigheid. | 14. ______________________<br><br>15. ______________________<br><br>16. ______________________<br><br>17. ______________________ |
| **Ef 4:11**<br>En dit is die "gawes" wat Hy "gegee het": apostels, *(apostles – NIV apostels – '33)* profete *(prophets)*, evangeliste *(evangelists – NIV evangeliste – '33)*, en herders *(pastors – NIV herders – '33)* en leraars *(teachers – NIV leraars – '33)*. | 18. ______________________<br><br>19. ______________________ |

| | |
|---|---|
| **1 Pet 4:9-10**<br>Wees gasvry *(hospitality – NIV gasvry – ’33)* teenoor mekaar sonder om te kla. As goeie bedienaars van die veelvoudige genade van God, moet elkeen, namate hy ’n gawe ontvang het, die ander dien. | 20. ______________________ |
| **Eks 31:3**<br>Ek het hom toegerus met my Gees sodat hy met vaardigheid, *(bekwaamheid – ’33)* insig en verstand enige werk kan doen.<br>*(Sien ook Eks 35:35)* | 21. ______________________ |
| **1 Tim 2:1-2**<br>Ek dring daarop aan dat daar in die eerste plek met smeking, voorbidding en danksegging gebid moet word vir alle mense, vir dié wat regeer en vir almal wat gesag uitoefen, sodat ons ’n rustige en stil lewe kan lei in volkome toewyding aan God en in alle eerbaarheid. | 22. ______________________ |
| **1 Sam 16:15-23**<br>Die amptenare van Saul het vir hom gesê: “U word ontstel deur ‘n boosaardige gees wat deur God gestuur is. Die koning moet maar net praat, dan soek ons iemand wat die lier kan speel. As die boosaardige gees u pla, kan die man speel en u sal beter voel.” Saul sê toe vir sy amptenare: “Kyk uit vir ‘n man wat goed kan speel en bring hom na my toe.” So het Dawid dan by Saul gekom en vir hom gewerk. Telkens wanneer daar ‘n boosaardige gees in Saul was, het Dawid die lier gevat en daarop gespeel. Dit het Saul bedaar en die boosaardige gees het van hom af padgegee.” | 23. ______________________ |
| **Fil 4:11-13**<br>Ek sê dit nie omdat ek gebrek ly nie, want ek het geleer om myself in alle omstandighede te help. Ek weet wat armoede is en ek weet wat oorvloed is; van alles het ek ondervinding: om genoeg te hê om te eet sowel as om honger te ly, om oorvloed te hê sowel as om gebrek te ly. Ek is tot alles is staat deur Hom wat my krag gee. | 24. ______________________ |

| | |
|---|---|
| **Matt 10:1**<br>Jesus het Sy twaalf dissipels nader geroep en hulle mag gegee om bose geeste uit te dryf en om elke soort siekte en kwaal gesond te maak. | 25. ______________________ |
| **Ps 150:3-5**<br>Prys Hom met die ramshoring, prys Hom met harp en lier!<br>Prys Hom met tamboeryn en koordanse, prys Hom met snaarinstrumente en fluite!<br>Prys Hom met simbale, prys Hom met galmende simbale! | 26. ______________________ |

***Ontdek Jou Plek*** *se doel is nie om as forum te dien vir die teologiese evaluering of bespreking van die werk van die Heilige Gees of die Gawes nie – dit kan op 'n ander keer bespreek word.* ***Ontdek Jou Plek*** *fokus op dit waarvoor gawes gegee is – diens.* ***Nie alle gawes is pertinent in die Bybel gelys as "gawes" nie, en sommiges moet deur die situasie en konteks as gawes geïnterpreteer word. Die belangrikste is dat die gawe by die definisie, soos behandel, moet inpas. Soms verwar mense gawes met talente, dissiplines of met bedieninge.***